

18 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 25 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 25:35-43**

Die land is myne!

In ons Skrifgedeelte lê die Here die grondreël neer vir alle besigheidstransaksies tussen sy mense – hulle is immers ook sy eiendom! “Die grond moet nie vir altyd verkoop word nie, want die land is myne...” (Lev 25:23).

Dit is genadige leengoed van die Here en dit is die groot waarheid oor ons besittings. Omdat dit so is, moet ons ons besittings met die grootste sorg besit en bewaar. Maar omdat dit die Here, die Getroue, se eiendom is, moet ons ook – lees maar die voorafgaande verse oor die Sabbatsjaar en die Jubeljaar – met vertroue op die Here wag in tye waarin daar geen oes kan of mag wees nie. God gee genoeg! Ons Heidelbergse Kategismus leer ons “dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom”.

En daardie Vader sal ons mos volgens die eerste en die groot gebod bo alles liefhê! Dan fokus ons Skrifgedeelte op die tweede gebod wat daaraan gelyk is: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”. Jou broer, jou naaste wat hier langs jou verarm, mag jy nie uitbuit nie. Daarom geld in die gemeente van die Here die hardvotige wet van die wêreld naamlik “besigheid is besigheid” nie, maar die wet van die liefde van God en teenoor God: “Welsalig wie die arme in verdriet sy hulp en bystand bied!” (Ps 41:1 berymd).

Sing: Psalm 41:1

Ds LH Stavast (Emeritus)